Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2020

# GESKIEDENIS V2 (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n addendum van 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA: AFRIKANER NASIONALISME

   VRAAG 2: APARTHEID SUID-AFRIKA: 1940's tot 1960's

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 3: NASIONALISME IN SUID- AFRIKA: SWART NASIONALISME

   VRAAG 4: APARTHEID SUID-AFRIKA:1940's tot 1960's

2. AFDELING A bestaan uit TWEE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit TWEE opstelvrae.

4. Beantwoord TWEE vrae soos volg:

   Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE IS AFRIKANER NASIONALISME IN DIE 1930's TOT 1940's IN SUID-AFRIKA BEVORDER?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Watter faktore, volgens die bron, het Afrikaner Nasionalisme aangewakker? (2 x 1) (2)

1.1.2 Gebruik jou eie kennis om die bevolkingsgroep te noem wat van gewone burgerregte in Suid-Afrika uitgesluit is. (1 x 2) (2)

1.1.3 Lewer kommentaar op die betekenis van die volgende stelling: "Die Afrikaner David maak die Britse Goliat dood", met betrekking tot die opkoms van Afrikaner Nasionalisme. (2 x 2) (4)

1.1.4 Noem die TWEE faktore wat deurslaggewend in die vorming van Afrikaner Nasionalisme was. (2 x 1) (2)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Wat, volgens die bron, was die doel van die Afrikaner-Broederbond? (1 x 2) (2)

1.2.2 Waarom, dink jy, is die Afrikaner-Broederbond as 'n uiters eksklusiewe, geheime Afrikaner-organisasie beskou? (2 x 2) (4)

1.2.3 Lewer kommentaar op waarom die Afrikaner-Broederbond nie 'n anti-politieke organisasie gebly het nie. (2 x 2) (4)

1.2.4 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat nie alle Afrikaanssprekende blankes lede van die Afrikaner Broederbond kon word nie. (2 x 1) (2)

1.3 Lees Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik die konsep *Afrikaner Nasionalisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.3.2 Waarom dink jy was daar 'n sterk anti-imperialistiese (Britse) houding onder Afrikaners? (2 x 2) (4)

1.3.3 Noem enige TWEE organisasies wat uitsluitlik vir Afrikaners geskep is. (2 x 1) (2)

1.3.4 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik hoe die belange van Afrikaners deur die Nasionale Party bevorder is. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Watter boodskap word deur die plakkaat rakende die bevordering van Afrikaner Nasionalisme deur die Nasionale Party oorgedra? (2 x 2) (4)

1.4.2 Noem enige TWEE vreemde elemente waarteen kiesers gewaarsku word. (Gebruik visuele leidrade op die plakkaat om die vraag te beantwoord.) (2 x 1) (2)

1.5 Vergelyk Bron 1C en Bron 1D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1C die bewyse in Bron 1D ondersteun rakende die rol wat die Nasionale Party gespeel het om Afrikaner Nasionalisme te bevorder. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe Afrikaner Nasionalisme in die 1930's tot 1940's in Suid-Afrika bevorder is. (6)

**[50]**

## VRAAG 2: HOE HET DIE WET OP DIE VERBOD OP GEMENGDE HUWELIKE WET (NR. 55 VAN 1949) DIE LEWENS VAN SUID-AFRIKANERS GEAFFEKTEER?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Definieer die konsep *apartheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.2 Volgens die bron, watter aspekte het swartes vanaf 1948 tot 1994 beïnvloed? (3 x 1) (3)

2.1.3 Verduidelik waarom die jare van apartheid as van die donkerste oomblikke in die geskiedenis van Suid-Afrika gesien word. (2 x 2) (4)

2.1.4 Noem die wet wat miljoene nie-blankes uit hul huise verwyder het. (1 x 2) (2)

2.1.5 Waarom, dink jy is die beleid van apartheid toegepas? (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Wat, volgens die bron, het die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike vir witmense beteken? (1 x 2) (2)

2.2.2 Lewer kommentaar op die redes waarom die apartheidsregering die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike toegepas het. (2 x 2) (4)

2.2.3 Wat was die straf vir mense wat die Ontugwet oortree het? (3 x 1) (3)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Wat was die bevolkingsgroep van Sherrin (mnr. Whiteley se vrou)? (1 x 1) (1)

2.3.2 Dink jy dat die ouers van Sherrin geregverdig was om na mnr. Whiteley as hul skoonseun te verwys? Motiveer jou antwoord. (2 x 2) (4)

2.3.3 Wat, volgens die bron, het mnr. Whiteley van Suid-Afrika gemis? (3 x 1) (3)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Watter boodskap word in hierdie foto uitgebeeld met betrekking tot die wette wat op gemengderas-paartjies opgelê is? (2 x 2) (4)

2.4.2 Verduidelik die prys wat mnr. Whiteley vir sy huwelik met Sherrin moes betaal. (2 x 2) (4)

2.5 Vergelyk Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2C rakende die weerstand teen die Wet op Gemengde Huwelike ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van omtrent SES reëls (omtrent 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike die lewens van Suid-Afrikaners beïnvloed het. (6)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag.

### VRAAG 3: SWART NASIONALISME

Verduidelik tot watter mate Swart Nasionalisme vanaf 1902 tot 1953 in Suid-Afrika versterk is.

Motiveer jou antwoord met relevante historiese bewyse vanaf 1902 tot 1953. **[50]**

### VRAAG 4: WEERSTAND IN SUID- AFRIKA – 1940's TOT 1960's

'Swart Suid-Afrikaners het gewelddadig in opstand gekom teen hul diskriminasie en onderdrukking in die 1950's.'

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou antwoord deur na die verskillende vorme van weerstand in die 1950's te verwys. **[50]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2020

## GESKIEDENIS V2 ADDENDUM (EKSEMPLAAR)

Hierdie addendum bestaan uit 10 bladsye.

## VRAAG 1: HOE IS AFRIKANER NASIONALISME IN DIE 1930's TOT 1940's IN SUID-AFRIKA BEVORDER?

### BRON 1A

Die bron hieronder beskryf die redes vir die opkoms van Afrikaner Nasionalisme.

Dit was haat (woede) oor die ongelyke verdeling van status, rykdom, politieke beheer en die vrees vir kulturele absorpsie in 'n Engels-georiënteerde samelewing, wat Afrikaner Nasionalisme aangewakker het. Hul merkwaardige herstel van die nederlaag was 'n beslissende feit in die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis, met verreikende gevolge, nie net vir die samestelling en karakter van die blanke elite nie, maar ook vir diegene wat van gewone burgerregte uitgesluit is.

Die verhaal van die wedergeboorte van Afrikanerdom vanuit die as van sy nederlaag in 1902 tot onbetwiste (sekere) bemeestering van Suid-Afrika is opvallend, wat deur Afrikanerskrywers verromantiseer word as 'n moderne weergawe van 'n klein Afrikaner David wat die Britse Goliat doodmaak.

Die trek na die stede, tesame met die Boere se nederlaag aan die hand van die Britte, was die twee magte wat Afrikaner Nasionalisme deurslaggewend gevorm het. Met die minerale rewolusie het industrialisasie die Boere 'n stedelike proletariaat (werker) gemaak in diens van 'n buitelandse, kapitalistiese klas. Die feit dat Engelssprekendes finansiering, handel en mynbou monopoliseer (gekontroleer) het, het Afrikaners oortuig dat hul nasionale en klasvyand dieselfde is. Afrikaner Nasionalisme het daarom 'n drieledige stryd op kulturele, ekonomiese en politieke vlak van stapel gestuur.

[Uit www.fanieosoppiejas.com/..//afrikaner-nationalism-the-factors. Toegang op 11 Februarie 2020 verkry.]

## BRON 1B

Die bron hieronder beskryf die bydrae van die Broederbond om Afrikaner Nasionalisme te bevorder.

Die doel van die Afrikaner Broederbond is die bevordering van die politieke, kulturele en ekonomiese belange van Afrikaners. Die Afrikaner-Broederbond is ŉ uiters eksklusiewe, geheime Afrikaner nasionalistiese organisasie wat in ŉ simbiotiese (koöperatiewe) verhouding met die Nasionale Party ŉ bepalende rol gespeel het in die politieke ontwikkeling van Suid-Afrika.

Lidmaatskap van die Afrikaner Broederbond is beperk tot mans. Die Broederbond eis hoë kulturele, familieverwante, godsdienstige, morele en politieke standaarde van sy lede. Om te kwalifiseer, moet ŉ persoon aan die volgende vereistes voldoen: hy moet lid van een van die tradisionele Afrikaanse kerke wees, moes ŉ Afrikanerskool bygewoon het, moet getroud wees met ŉ Afrikaanssprekende vrou en hy moet die 'regte' party, die Nasionale Party ondersteun. Definitiewe diskwalifikasies is om geskei te wees en ongereelde kerkbywoning.

Alhoewel die grondwet van die Afrikaner Broederbond partypolitiek van sy aktiwiteite uitsluit, het dit deur die jare duidelik geword dat die organisasie belangrike politieke invloed het. Dit is toenemend gebruik as ŉ "dinkskrum" en daarna as 'legitimator' van nuwe beleidsaanwysings wat deur die Nasionale Party onderneem is. Dit het talle ondersteuningsorganisasies op die been gebring om Afrikaner-belange te verbreed en dit sy besigheid gemaak om die 'regte man' aan te stel, te bevorder en te beskerm. ŉ Belangrike strategie is die verkryging van beheer oor skoolkomitees, skoolrade, kerkrade en raad van direkteure om sy doelstellings te bereik.

[Uit omalley.nelsonmandela.org> omally> index.php> webwerf. Toegang op 20 Februarie 2020 verkry.]

'legitimator' – om amptelik/wettig te maak

**BRON 1C**

Hierdie bron beskryf die rol wat die Nasionale Party gespeel het om Afrikaner Nasionalisme te konsolideer.

Die hedendaagse Nasionale Party spruit uit die Gesuiwerde Nasionale Party (GNP). Hierdie faksie van die oorspronklike Nasionale Party van 1914, is op diepgesetelde Afrikaner-Nasionalisme gebou. Die geboorte van die NP was nie net die resultaat van 'n magstryd tussen Engels- en Afrikaanssprekende gemeenskappe nie, maar ook van 'n anti-imperialistiese houding onder Afrikaners. Die Afrikaner wou 'n meer belangrike rol in die samelewing en die regering speel. Hulle het ook 'n duidelike doel gehad om Suid-Afrikaanse swartes, kleurlinge en Indiërs fisies, sosiaal en polities te skei.


Die NP is toenemend deur Afrikaners gesien as die instelling wat hul groepbelang sou bevorder. Die party is gekomplementeer deur kulturele, sosiale, ekonomiese en godsdienstige organisasies wat uitsluitlik vir Afrikaners geskep is. Saam met die Nasionale Pers, die Afrikaner-Broederbond, Sanlam, AVBOB, die Voortrekkers, FAK, Helpmekaar, KWV en Volkskas, het die NP 'n groeiende Afrikanermaggroep geword. Die party het Afrikanerbelange op 'n gekoördineerde manier georganiseer en is op elke terrein van die Suid-Afrikaanse samelewing gevoel.

Die jaar 1938 was vir die GNP om 'n ander rede belangrik. Dit was die Eeufees van die Groot Trek en die Afrikaner-sentimente is as gevolg daarvan verhoog. Dit was ook tyd vir Malan om sy rassebeleid ten gunste van Afrikanerdom te versterk en strewe na 'n herlewing (toenemende) van Afrikaner Nasionalisme. Van nou af sou gemengde huwelike strafbaar wees, ras-gemengde woongebiede moes beëindig word en ekonomiese en politieke segregasie tussen blankes en 'nie-blankes' moes geïmplementeer word. Malan het ook beoog om sy land teen die buite/eksterne invloede van kapitalisme en kommunisme te beskerm ...

[Uit www.litnet.co.za.> Df-malan-and-the-rise-of-afrikaner-nationalism-by- . Toegang op 20 Februarie 2020 verkry.]

**BRON 1D**

Dit is 'n plakkaat wat deur die Nasionale Party ontwerp is om Afrikaners te motiveer om tydens die 1938-verkiesing vir die party te stem.




[Uit *New Africa History* deur N.Frick et al]

## VRAAG 2: HOE HET DIE WET OP DIE VERBOD OP GEMENGDE HUWELIKE (NR. 55 VAN 1949) DIE LEWENS VAN SUID-AFRIKANERS BEINVLOED?

### BRON 2A

Hierdie bron verduidelik die beleid van apartheid wat in 1948 deur die Nasionale Party geïmplementeer is.

Die jare van apartheid is ongetwyfeld een van die donkerste oomblikke in die geskiedenis van Suid-Afrika. Die tydperk, wat vanaf 1948 tot 1994 strek, is gekenmerk deur rasseskeiding, wit minderheidsregering en die verdrukking van die regte, bewegings en vryheid van swartes. Die woord 'apartheid' beteken letterlik 'afsonderlikheid' of om 'te skei'.

Dit is in die vroeë 1940's as 'n politieke slagspreuk van die Nasionale Party gebruik. Dit kan u egter interesseer om te weet dat die beleid self strek vanaf die begin van die blanke nedersetting in Suid-Afrika wat al in 1652 begin het. Dit het egter na die algemene verkiesing van 1948 'n amptelike regeringstruktuur geword.

Die beleid het die burgers en inwoners van die land in vier rassegroepe geklassifiseer: wit, bruin, swart en Indiër. Daarna het dinge net slegter geword. Meer as 3,5 miljoen Suid-Afrikaners is uit hul huise gesit en is met geweld na gesegregeerde woonbuurte verskuif. Regeringssegregasie was ook van toepassing op onderwys, verhoudings, natuurlike ontspanningsgeriewe soos strande, mediese sorg en verskeie ander dienste.

[Uit https://buzzsouthafrica.com/apartheid/ Toegang op 28 September 2019 verkry.]

## BRON 2B

Die bron hieronder verduidelik die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike, wat een van die eerste stukke apartheidswetgewing was wat in werking gestel is nadat die Nasionale Party aan bewind gekom het.

Die wet verbied huwelike tussen 'Europeërs en nie-Europeërs', wat in die taal van die tyd beteken het dat witmense nie met ander rasse kon trou nie. Dit het ook 'n kriminele oortreding geword vir 'n huweliksbeampte om 'n veelrassige huwelikseremonie te onderneem. Die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike het egter nie ander sogenaamde gemengde huwelike tussen nie-blanke mense verhinder nie. Terwyl dit inderdaad 'gemengde' huwelike was, het die wet hulle nie as veelrassige beskou nie.

'n Vrou wat met 'n man van 'n ander ras getrou het, is as sy ras geklassifiseer. Haar man van keuse het haar ras gedefinieer. Die uitsondering hierop was as 'n blanke man met 'n vrou van 'n ander ras trou, is hy as haar ras geklassifiseer.

Ten spyte van die skuiwergate (leemtes) wat ontstaan het as gevolg van bestaande gemengde huwelike en nie-blanke huwelike, is die Verbod op Gemengde Huwelike en die Ontugwet streng toegepas. Nietemin het intieme en romantiese verhoudings tussen blankes en nie-blankes steeds ontwikkel. Die feit dat veelrassige verhoudings so taboe (verbode) was het dit, aantreklik gemaak en het mense veelrassige-verhoudings aangeknoop as 'n vorm van rebellie of vir die opwinding wat dit gebied het.

Veelrassige verhoudings het met ernstige risiko's gepaard gegaan. Die polisie het mense agtervolg wat daarvan verdink was dat hulle in veelrassige verhoudings betrokke was. Hulle het snags die huise oorval. Diegene wat hulle aan die Ontugwet skuldig gemaak het, het boetes, tronkstraf en sosiale sensuur in die gesig gestaar.

[Uit https://www.thoughtco.com> ...> History and Culture> African History. Toegang op 28 September 2019 verkry.]

Kopiereg voorbehou

**BRON 2C**

Hierdie bron verduidelik die ervarings van Ian Whiteley en sy vrou Sherrin onder die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike.

Ian Whiteley wat toevallig wit is, was getroud met Sherrin, van Indiese herkoms. Hulle het mekaar in Pietersburg ontmoet toe hy dertig was en sy 17 jaar oud was. Spoedig en ondanks die wet wat dit vir hulle onmoontlik gemaak het om te trou en die gevaar dat hulle ontdek sou word, het hulle minnaars geword. Sherrin se ouers het aan die witman as hul skoonseun gedink, maar onvermydelik het die klop aan die deur gekom wat 'n polisie-klopjag aangedui het. Dit was gelei is deur een van sy ou skoolvriende wat verduidelik het, ‘dat hy net sy werk doen’.

Uiteindelik is hulle vrygespreek op ʼn aanklag van onsedelikheid weens ʼn gebrek aan bewyse, maar eers nadat mnr. Whiteley drie maande tronkstraf opgelê is. Hulle het na Botswana gevlug, waar hulle uiteindelik kon trou. Hulle het uiteindelik na Noorweë verhuis en weens sy liefde vir rugby, na Liverpool verhuis. Die hele tyd het hy die onmoontlike droom dat hulle as man en vrou sou terugkeer om in Suid-Afrika te woon, lewendig gehou, en die Suid-Afrikaanse eerste ministers (premiers) met sy beroep oorval. 'Ons het nie van Europa gehou nie; ons is Suid-Afrikaners. Ek het my biltong, pap en wors gemis. ”

Uiteindelik is hulle toegelaat om na Suid-Afrika terug te keer. Dorpe soos Pietersburg het vir gemengde paartjies weinig gebied in terme van geriewe. Die rolprent teater het ʼn klein verdeelde afskorting op die balkon vir die Indiërs gehad, waar Mnr Whiteley, wat belowe het om nêrens heen te gaan waar sy vrou nie kon gaan nie, kon sit. Die enigste teleurstelling van mnr. Whiteley is dat sy tienjarige seun, Raymond, wat belofte in rugby getoon het toe hulle in Liverpool gewoon het, nie kon speel nie, want dit was slegs die wit skoolseuns wat die enigste jong rugbyspelers in die dorp was. Mnr. Whiteley, ʼn voormalige rugbyspeler, se hoop was om die hindernisse af te breek of om die sport onder Indiërs te bevorder, sodat sy seun in ʼn wedstryd kan speel.

[Uit https://www.nytimes.com/1982/11/29/world/love-f Inds-a-way-past-south-africa-s-race-laws.html. Toegang op 28 September 2019 verkry.]

**BRON 2D**

Dit is 'n foto van mnr. en mev. Whiteley, 'n veelrassige egpaar wat die wet op die Verbod op Gemengde Huwelike veronagsaam het.



[Uit *The New York Times,* Nov. 29, 1982]
[

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is geneem uit:

Frick, N. et al *New Africa History* , 2006, New Africa Books (Edms) Bpk.

Getty Images

https://www.nytimes.com/1982/11/29/world/love-f Inds-a-way-past-south-africa-s-race-laws.htm

https://www.thoughtco.com >...> History and Culture> African History

https://buzzsouthafrica.com/apartheid/

https;//www.history.com/topics/middle-east/six-day-war

https://link.springer.com >chapter

King, J. Dr by *Conflict in the Middle East*, 1993, Wayland Publishers Ltd

omalley.nelsonmandela.org>omally>index.php>site

*The New York Times*, 29 November 1982

www.fanieosoppiejas.com/.../afrikaner-nationalism-the-factors

www.litnet.co.za.>df-malan-and-the-rise-of-afrikaner-nationalism-by-..

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2020

# GESKIEDENIS V2
# NASIENRIGLYN
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE: 100**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 15 bladsye.

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel.

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOE-KENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisering van relevante inligting vanaf bronne<br>• Definieer historiese terme. | 30% (15) |
| VLAK 2 | • Eenvoudige interpretasie van die bronne<br>• Verduidelik inligting ingesamel van die bron<br>• Analiseer bewyse vanuit die bron | 50% (25) |
| VLAK 3 | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Vra vrae oor vooroordeel, betroubaarheid en bruikbaarheid en beperking van bronne<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bron en maak 'n onafhanklike afleiding. | 20% (10) |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

### 1.3 Assesseringsprosedure vir brongebaseerde vrae

- Gebruik 'n regmerk (√) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken(√√√√); (1 x 2) wat neerkom op een rede en √ twee punte toegeken word (√√)
- Indien 'n vraag 4 punte tel word 4 regmerke (√√√√) aangedui

Kopiereg voorbehou

**Paragraafvraag**

Paragrawe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate waartoe die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord, te evalueer.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan die einde van die paragraaf, sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos in die holistiese rubriek aangedui en gee kommentaar, bv.

______________ • ______________________________ • ______________

______________________ • ______________________________ • ______________

√√√√

Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt onder in die regterkantse kantlyn.
- Maak seker dat die punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

32/50

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

Kopiereg voorbehou

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument (beplande, gestruktureerd en het 'n onafhanklike argumentslyn.)

2.4 **Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer jy die opstel assesseer.

2.4.2 Gedurende die eerste lees van die opstel moet punte gegee word vir ŉ relevante inleiding, (aangedui deur 'n kolpunt in die nasienriglyne) elk van die hoof punte/aspekte wat korrek gekontekstualiseer is (ook aangedui deur 'n kolpunt in die nasienriglyne) en ŉ relevante slot, (aangedui deur 'n kolpunt in die nasienriglyne), bv. in ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is sal daar 7 punte wees.
Hou die PEEL-STRUKTUUR in gedagte in die assessering van 'n opstel.

2.4.3

| | |
|---|---|
| **P: Punt** | Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E: Verduideliking** | Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E: Voorbeeld** | Die kandidaat moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument, Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L: Skakel** | Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoof aspekte en slot nie korrek gekontekstualiseer ^
- Verkeerde stelling ______
- Irrelevante stelling |
- Herhaling H
- Analise A √
- Interpretasie I √I
- Lyn van argument LVA ↕

2. **Die matriks**

2.5.1 Gebruik die matriks vir die assessering van opstelle
In die assessering van 'n opstel moet die gegewe kriteria in die rubriek gebruik word. In die assessering van die opstel moet aandag gegee word aan beide die inhoud en die aanbieding. By die punt van kruising tussen die inhoud en die aanbieding moet 'n punt gegee word.

(a) Die eerste lesing van die opstel sal wees om te bepaal tot watter mate die hoof aspekte gedek is en om die **inhoudsvlak** te bepaal (in die rubriek).

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede lesing van die opstel sal verband hou met die vlak van **aanbieding** (in die rubriek).

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

(c) Gee 'n algehele punt deur die matriks te gebruik

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 30–33 |
| A | VLAK 5 | |

## RUBRIEK VIR DIE ASSESSERING VAN OPSTEL: – TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING**<br><br>**INHOUD** | Baie goed en gestruktureerd. Goeie sintese van inligting. 'n Goed gebalanseerde en onafhanklike argumentslyn is ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. | Goed beplan en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argumentslyn gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. | Goed beplan en gestruktureerde opstel. 'n Duidelike argumentslyn ontwikkel. Gevolgtrekkings vanaf bewyse verkry. Onafhanklike gevolgtrekking. Bewyse gebruik om gevolgtrekking te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureed Getuienis gebruik om argument te ondersteun.<br><br>Slotsom op grond van getuienis. | Toon soms bewyse van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argumentslyn vol te hou.<br><br>Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur getuienis nie. | Poging aangewend om 'n antwoord te struktureer.<br><br>Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer. |
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot die argument wat gevolg is. | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud genoegsaam en relevant. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud of irrelevante inhoudseleksie. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3**<br>Inhoudseleksie hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Ontoereikende of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

**Riglyne vir allokasie van Vlak 1 punt:**

- Vraag nie geadresseer/totaal irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudkeuse sluit basiese en algemene irrelevante inligting; geen poging om opstel te konstrueer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend geadresseer en vaag; geen poging om opstel te struktureer =7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE IS AFRIKANER NASIONALISME IN DIE 1930's TOT DIE 1940's IN SUID-AFRIKA BEVORDER?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Wrok oor die ongelyke verdeling van status
- Ongelyke verdeling van rykdom
- Politieke beheer
- Vrees vir kulturele absorpsie (Enige 2 x 1) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Swart Suid-Afrikaners (1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Die Afrikaners het gedeeltelike onafhanklikheid verkry
- Die Afrikaners het hul eie identiteit bevestig
- Afrikaners het hulself as 'n *volk* gevestig
- Afrikaans het die amptelike taal van die Afrikaners geword
- Verskillende Afrikanerorganisasies is gestig om die politieke, ekonomiese en sosiale regte van Afrikaners te bevorder
- Dit het Afrikaners verenig
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Trek na stede
- Boere se nederlaag aan die hand van die Britte (2 x 1) (2)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Om politieke, kulturele en ekonomiese belange van Afrikaners te bevorder (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Slegs Afrikaanssprekende wit mense kon aan die organisasie behoort
- Niemand het regtig geweet wie die lede van die Afrikaner-Broederbond was nie
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*
- Lede van die Afrikaner-Broederbond het lede van die Nasionale Party geword
- Die Afrikaner-Broederbond het die 'dinkskrum' van die Nasionale Party geword
- Afrikaner-Broederbond-lede het sleutelposisies in die Nasionale Party begin beklee
- Hulle wou toesien dat die politieke mag in die hande van die Afrikaners bly
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Dit was tot mans beperk
- Geskei te wees
- Ongereelde kerkbywoning (Enige 2 x 1) (2)

1.3 1.3.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1C – V1]*
- Verenig mense van 'n spesifieke taalgroep
- Enige ander relevante verduideliking (1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Hulle het hul onafhanklikheid aan Brittanje verloor
- Die lyding van hul vroue en kinders in die konsentrasiekampe tydens die Suid-Afrikaanse Oorlog
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*
- Nasionale Pers
- Afrikaner-Broederbond
- Sanlam
- AVBOB
- Die Voortrekkers
- FAK
- Helpmekaar
- KWV
- Volkskas (Enige 2 x 1) (2)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Wette is ingestel om sekere poste vir blankes te hou
- Wette is toegepas om die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika te skei
- Swart Suid-Afrikaners sou geen politieke regte in die 'blanke' gebiede hê nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*
- Om vir die Nasionale Party te stem en te verseker dat die politieke mag in die hande van die wit minderheid bly
- Om Suid-Afrika slegs vir blankes te bewaar
- Om 'n suiwer ras vir die toekoms te verseker en te bewaar
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- Kapitalis
- Kommunis
- Imperialis
- Jode (Enige 2 x 1) (2)

1.5 *[Vergelyking van inligting uit Bron 1C en 1D–V3]*

- Beide bronne toon dat die Nasionale Party wou toesien dat die Afrikaners op alle terreine in die Suid-Afrikaanse samelewing oorheersend sou wees
- Bron 1C dui aan dat die Nasionale Party 'n anti-imperialistiese houding gehad het en Bron 1D wys die Nasionale Party het geen samesmelting met die imperialiste aangemoedig nie
- Bron 1C verwys na Malan se doel om Suid-Afrika te beskerm teen die invloede van kapitalisme en kommunisme en Bron 1D wys die NP se vasberadenheid om Suid-Afrika teen vreemde elemente te beskerm.
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Die trek na die stede en Boere-nederlaag deur Brittanje het Afrikaner Nasionalisme gevorm (Bron 1A)
- Afrikaner Nasionaliste het 'n kulturele, ekonomiese en politieke stryd van stapel gestuur (Bron 1A)
- Afrikaner-Broederbond dien die sosiale, ekonomiese en politieke belange van die Afrikaner (Bron 1B)
- Stig verskillende organisasies om Afrikaner Nasionalisme te bevorder (Bron 1B en Bron 1C)
- Afrikaner-Broederbond sorg dat die 'regte' persoon in hoë posisies aangestel word (Bron 1B)
- Gesuiwerde NP het die grondslag vir Afrikaner Nasionalisme gelê (eie kennis)
- NP het die belange van die Afrikaner bevorder (Bron 1C)
- NP het die Afrikaners verenig (eie kennis)
- Afrikaner Nasionalisme herleef met eeufeesviering (Bron 1C)
- NP streef daarna om 'n suiwer wit ras te skep (eie kennis)
- Volksmoeder het Afrikaners aangemoedig om vir NP te stem (Bron 1D)
- Afrikaners sal deur NP beskerm word (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om ’n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe Afrikaner Nasionalisme in die 1930’s tot 1940’s in Suid-Afrika bevorder is**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ’n paragraaf skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe Afrikaner Nasionalisme in die 1930’s tot 1940’s in Suid-Afrika bevorder is.**<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **Punte: 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ’n deeglike begrip oor hoe Afrikaner Nasionalisme in die 1930’s tot 1940’s in Suid-Afrika bevorder is.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **Punte: 5–6** |

(6)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE WET OP DIE VERBOD OP GEMENGDE HUWELIKE WET (NR. 55 VAN 1949) DIE LEWENS VAN SUID-AFRIKANERS BEÏNVLOED?**

2.1 2.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V1]*
- Die politieke, ekonomiese en sosiale skeiding van rasse op grond van hul velkleur
- Afsonderlike ontwikkeling van verskillende rassegroepe
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Rasseskeiding
- Wit minderheidsregering
- Onderdrukking van hul regte, bewegings en vryheid (3 x 1) (3)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Swartes het geen politieke regte gehad nie
- Swartmense is onderdruk
- Swartes word as tweedeklasburgers beskou
- Suid-Afrika was versadig met weerstand teen die apartheidsregime
- Apartheid het tot baie geweld en bloedvergieting gelei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Groepsgebiedewet (1 x 2) (2)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Om wit meerderwaardigheid te handhaaf
- Vrees vir groeiende stedelike bevolking
- Bekommerd dat hulle hul werk, kultuur en taal sou verloor
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Witmense kon nie met mense van ander rasse trou nie (1 x 2) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Om die 'suiwerheid' van die wit ras te beskerm
- Om die 'infiltrasie in die wit ras te voorkom
- Om te voorkom dat mense die lyn tussen die blanke samelewing en andere in Suid-Afrika vertroebel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Beboet
- Tronkstraf
- Sosiale sensuur (3 x 1) (3)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Indiër (1 x 1) (1)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
**GEREGVERDIG**
- Die ouers kyk verby die kleurlyn
- Hulle het net oor die geluk van hul dogter omgegee
- Enige ander relevante antwoord

**NIE GEREGVERDIG NIE**
- Hy was nog nie met hul dogter Sherrin getroud nie
- Hy het die wette van die land oortree
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Sonskyn
- Biltong
- Pap en wors (3 x 1) (3)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Liefdevolle egpaar wat bereid is om die gevare in die gesig te staar
- 'n Egpaar wat die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike, Ontugwet en Groepsgebiedewet getrotseer het
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Moes herklassifiseer word
- Hul kinders word as gekleurd geklassifiseer
- Nie in wit geriewe toegelaat nie
- Hulle seun mag nie rugby speel nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van Bronne 2B en Bron 2C - L3]*
- Bron 2B dui aan dat daar het intieme en romantiese verhoudings tussen blankes en nie-blankes ontwikkel het en Bron 2C toon dat 'n gemengde egpaar getrou het
- Bron 2B dui aan dat veelrrassige verhoudings gepaard gaan met ernstige risiko's en Bron 2C dui aan dat mnr. Whiteley teistering en gevangenisstraf ervaar het
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan sommige van die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike het die regerings-beleid van afsonderlike ontwikkeling versterk (eie kennis)
- Dit het huwelike tussen Europeërs en nie-Europeërs verbied (Bron 2B)
- Mense is herklassifiseer as hulle met 'n persoon van 'n ander ras getrou het (Bron 2B)
- Veelrassige paartjies ondervind teistering, gevangenisstraf en boetes (Bron 2B en Bron 2C)
- Veelrassige paartjies moes hul verhouding geheim hou (eie kennis)
- Mnr. Whiteley en Sherrin moes na Botswana vlug om te trou (Bron 2C)
- Gebrek aan geriewe vir gemengde paartjies (Bron 2C)
- Whiteley se seun mag nie deel wees van die skool se rugbyspan nie (Bron 2C)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ’n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike die lewens van Suid-Afrikaners geaffekteer het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ’n paragraaf skryf nie. | **Punte: 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ’n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike die lewens van Suid-Afrikaners geaffekteer het.**<br>• Gebruik bewyse op ’n basiese manier om ’n paragraaf te skryf. | **Punte: 3–4** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ’n deeglike begrip oor hoe die Wet op die Verbod op Gemengde Huwelike die lewens van Suid-Afrikaners geaffekteer het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ’n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **Punte: 5–6** |

(6)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 3: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME

*[Beplan en konstrueer ʼn oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik tot watter mate Swart Nasionalisme in 1902 tot 1953 in Suid-Afrika versterk is.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.
- Inleiding: Kandidate moet ʼn standpunt inneem en demonstreer hoe Swart Nasionalisme in Suid-Afrika versterk is.

**UITBREIDING**
- Begin as ʼn vorm van weerstand teen kolonialisme/segregasie
- Vorming van die APO in 1902 deur Dr Abdurahman
- Protesteer teen die uitsluiting van swartes vir die reg om te stem
- Delegasie na Londen in 1905 om ʼn nie-rassige konsessie te bewerkstellig en diskriminasie te beëindig asook om swartes stemreg te gee – Brittanje ignoreer hierdie versoek
- Vorming van die SANNC in 1912 om diskriminasie teen te staan en politieke regte te wen
- SANNC wou almal verenig wat deur blankes onderdruk was
- SANNC het afgevaardigdes na Londen gestuur in 1914 om teen die Naturelle Grondwet van 1913 te appelleer, maar was nie suksesvol nie
- In 1923 het die SANNC sy naam na die ANC verander
- Vorming van die ICU in 1919 wat die griewe van die swart dokwerkers aanspreek – veg teen die regering se beleid
- ICU het massa-ondersteuning gehad – ANC het die ondersteuning van die elite-swartes gehad
- Vorming van die SAKP wat swart werkers se griewe aanspreek
- Verspreiding van onderwys lei tot die groei en bewustheid van idees van vryheid en demokrasie
- Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog – baie swartes betrokke wat geveg het vir vryheid en demokrasie
- Jong lede van die ANC word meer militant en vorm die ANC Jeugliga
- ANC Jeugliga het die ANC daarvan beskuldig dat hy die elite verteenwoordig het en nie die massas nie
- 1953 het die ANC die Vryheidshandves saamgestel vir ʼn demokratiese Suid-Afrika ongeag ras
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met ʼn relevante slot saamvat. **[50]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 4: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet 'n standpunt inneem of Swart Suid-Afrikaners gewelddadig in opstand gekom het teen hul diskriminasie en onderdrukking in die vyftigerjare.

**HOOFASPEKTE**
Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui of hulle met die stelling saamstem of nie saamstem nie.

**UITBREIDING**
- ANC se Program van Aksie
- ANC word meer militant
- Gebruik boikotte, burgerlike ongehoorsaamheid en opstande as metodes van weerstand
- Meidag wegbly-aksie
- Versetbeweging
- 1952 – breek wette doelbewus – gebruik slegs blanke fasiliteite
- Brand passe in die openbaar
- Weier om boetes te betaal en wou hê tronke moet oorvol word
- Gehoop die apartheidstelsel sou in duie stort
- Sommiges is vermoor en gearresteer
- Kongres Alliansie
- Konferensie van alle rasse groepe om 'n grondwet op te stel
- Vryheidshandves
- Ontmoet by Kliptown op 25 en 26 Junie 1955
- Stel 'n dokument op wat die aspirasies van alle Suid-Afrikaners verteenwoordig
- Bekom die bloudruk vir die nuwe grondwet vir Suid-Afrikaners
- Vroue-opmars na Pretoria (9 Augustus 1956)
- Vroue geforseer om passe te dra
- 20 000 vroue van alle rasse onderneem optog na die Uniegebou
- Leiers van die optog – Lilian Ngoyi, Rahima Moosa, Sophie Williams en Helen Joseph
- Eerste Minister, J.G. Strijdom weier om vroue te woord te staan
- Sing *Nkosi Sikeleli Africa* toe hulle die Uniegebou verlaat
- Hoogverraad
- Verset teen apartheid lei tot die arrestasie van lede van die Kongres Alliansie
- Gearresteer vir poging om die regering omver te werp
- In 1956 het die staat 156 aktiviste gearresteer
- Verhore vind in die 'Drill Hall' vir twee jaar plaas
- Doel van regering was om mense te intimideer en weerstand te verswak
- Teen 1961 is alle beskuldigdes vrygelaat
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou